# Beleid oor die Dieresorg- en -gebruikprogram

| | |
|---|---|
| **Verwysingsnommer** | 9P_9.1.5_AnimCare |
| **Verantwoordelike uitvoerende bestuurder** | AVK: Navorsing en Innovasie |
| **Beleideienaar** | Direkteur: Navorsingsondersteuning |
| **Verantwoordelike afdeling** | Navorsingsondersteuning |
| **Status** | Goedgekeur |
| **Goedgekeur deur** | Raad |
| **Datum van goedkeuring** | 9 September 2021 |
| **Datum van wysigings** | |
| **Hersieningsdatum** | Oktober 2024 |

*Navorsingsondersteuning*

# BELEID OOR DIERESORG- EN -GEBRUIKPROGRAM

## Aanhef

Teen die agtergrond van die droom om ŉ internasionaal erkende universiteit in Afrika te wees, wat bekend is vir sy wetenskapsbeoefening, maatskaplike responsiwiteit en ŉ sorgsaamheidsetiek, met inagneming van internasionale konvensies en wetgewing rakende die bevordering van dierewelsyn, het die Raad van die Noordwes-Universiteit (NWU) hierdie beleid op XXX aanvaar.

## 1 Vertolking en toepassing

Hierdie beleid moet vertolk en toegepas word op ŉ wyse wat strook met die –

1.1 Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996;

1.2 Wet op Getuiebeskerming, 71 van 1962;

1.3 Wet op Dieresiektes, 35 van 1984;

1.4 Wet op Veterinêre en Para-veterinêre Beroepe, 19 van 1982;

1.5 Wet op Natuurwetenskaplike Beroepe, 27 van 2003;

1.6 Wet op Standaarde, 8 van 2008;

1.7 Wet op Nasionale Gesondheid, 61 van 2003;

1.8 Guidelines on Ethics in Health Research: Principles, Processes and Structures (DoH2015 of nuutste weergawe);

1.9 South African National Standard: The Care and Use of Animals for Scientific Purposes (SANS-10386, 2008 of nuutste weergawe);

1.10 Statuut van die Noordwes-Universiteit (2020) ('die Statuut'); en

1.11 alle verwante beleide van die NWU, met spesiale verwysing na die Navorsingsetiekbeleid, Gedragskode vir alle navorsers, en Opdrag vir Bestuur van Navorsingsetiek van die NWU.

1.12 Die NWU-riglyne vir die Dieresorg- en -gebruikprogram as Bylae tot hierdie Beleid moet op datum gehou word deur die Senaatskomitee vir Navorsingsetiek (SKNE).

## 2 Begripsomskrywings

In hierdie beleid –

beteken **"dier"** enige gewerwelde of hoër ongewerwelde dier, of enige ander beskermde laer ongewerwelde spesie;

verwys die **"Dieresorg- en -gebruikprogram"** na die program wat deur die SKNE aanvaar is vir die doeleindes van toesig oor alle aspekte van die gebruik en versorging van diere in die navorsingsomgewing van die NWU, met inbegrip van die versorging en bestuur van wilde diere;

verwys die **"Diere-etiekkomitee"** (DEK) na die komitee wat verantwoordelik is vir die bestuur van die implementering van die Dieresorg- en -gebruikprogram;

verwys ŉ **"Diere-(navorsings-)etiekkomitee"** (DNEK) na ŉ formeel aangestelde komitee wat toesig hou oor alle aspekte van etiese gedrag in die versorging en gebruik van diere, met inbegrip van hersiening, goedkeuring, monitering en inspeksie;

beteken **"dierenavorsingsfasiliteit"** enige infrastruktuur waar diere vir wetenskaplike doeleindes aangehou en gebruik word;

beteken **“dierewelsyn”** die mate waarin die spesiespesifieke fisiologiese en psigososiale behoeftes van ŉ dier bevredig word;

is **“gemagtigde institusionele beampte”** (GIB) die Adjunk-visekanselier vir Navorsing en Innovasie;

verwys **“biologiese veiligheid”** (bioveiligheid) na praktyke, prosedures en korrekte gebruik van fasiliteite en toerusting ten einde die veilige hantering, bewaring en wegdoening van, of voorkoming van kontaminasie met (potensieel) gevaarlike biologiese materiaal (insluitende patogene en hul produkte, toksiene, biotegnologie) te verseker;

verwys **“biosekuriteit”**, toegepas in samehang met bioveiligheid, na maatreëls om te beskerm teen die onopsetlike, onvanpaste, doelbewuste en kwaadwillige gebruik van (potensieel) gevaarlike biologiese materiaal;

verwys **“wild geworde en wilde diere”** na enige dier wat vryelik op die Universiteit se eiendom rondbeweeg of daar woon.

## 3 Beleidsverklaring

Dit is die beleid van die NWU om –

3.1 toe te sien dat dieresorg- en -gebruik voldoen aan eties gesonde, verantwoordbare en verantwoordelike praktyke op sy perseel en deur sy werknemers, insluitende voldoening aan die eise van wetenskaplike integriteit, die veiligheid van mense, die welsyn van diere en die beskerming van die integriteit van die omgewing;

3.2 ŉ sorgsaamheidskultuur jeens diere te kweek deur bestuur en werknemers toepaslik te bemagtig deur middel van bewusmaking, opleiding, bevoegdheid, respek en kommunikasie, en deur die totstandbrenging en instandhouding van toepaslike infrastruktuur te verseker.

## 4 Doelwitte van die dieresorg- en -gebruikprogram

Die Dieresorg- en -gebruikprogram, insluitende die riglyne geassosieer met hierdie beleid, moet –

4.1 regs- en etiese voldoening met betrekking tot dieresorg en -gebruik aan die NWU verseker;

4.2 behoorlike gesag- en kommunikasie-, bestuur- en toesigstrukture, dierefasiliteite en ander infrastruktuurbestuur, personeelopleiding en -bemagtiging, en publieke betrokkenheid verseker ten einde verantwoordelike en deursigtige toesig te verseker oor alle besluite en aktiwiteite rakende diere by die Universiteit en elders waar werknemers en studente van die NWU betrokke is;

4.3 ŉ kultuur van sorgsaamheid en respek vir diere bevorder, insluitende voldoening aan gesonde etiese beginsels in besluitneming en optrede deur bestuur, werknemers en studente;

4.4 risiko assesseer en bestuur, en menslike veiligheid, dierewelsyn en omgewingsintegriteit verseker, en moet proaktief en aktief –

4.4.1 verantwoordelike versorging, welsynsbestuurs- en rampbestuursplanne vir alle diere op NWU-eiendom verseker, insluitende diere wat vir wetenskaplike doeleindes aangehou en gebruik word, wilde en wild geworde diere wat op NWU-eiendom woon, of op privaat landbou- of wildsplase en nasionale parke wat vir wetenskaplike doeleindes deur NWU-werknemers en -studente gebruik word;

4.4.2 sorg vir veilige omgewings, beskerming en behoorlike opleiding en bemagtiging van navorsers, nagraadse studente en werknemers betrokke by die versorging en gebruik van diere vir wetenskaplike doeleindes;

4.4.3 behoorlike toesig en prosedures verseker wat die wildlewe en die omgewing beskerm;

4.4.4 ingestel wees op openbare verantwoordelikheid en om toepaslike, deursigtige, publieke betrokkenheid te bevorder.

4.5 Die Dieresorg- en -gebruikprogram moet programriglyne verskaf, en ŉ addendum bevat, wat op datum gehou moet word, in die vorm van ŉ gids bestaande uit ŉ lys en uiteensetting van alle dierefasiliteite, dierenavorsingsetiekkomitees (DNEK’s), die Diere-etiekkomitee (DEK) en ander belanghebbendes verantwoordelik vir die bestuur van die implementering van die Program, en inligting oor waar toegang verkry kan word tot toepaslike Opdrag-dokumente, Standaard Bedryfsprosedure-dokumente en rampbestuursplanne.

## 5 Verantwoordelikhede en aanspreeklikheid

5.1 Die GIB dra die uiteindelike verantwoordelikheid en aanspreeklikheid vir die dieresorg- en -gebruiksprogram, en doen verslag aan die SKNE en die Universiteitsbestuurskomitee (UBK) ná oorlegpleging met die betrokke DNEK's, AEK en die dierenavorsingsfasiliteite in hierdie verband.

5.2 Die SKNE, met die hulp van Dierenavorsingsetiekkomitees (DNEK's), is daarvoor verantwoordelik om toesig te hou oor alle etiese aspekte rakende die gebruik van diere vir navorsingsdoeleindes, soos uiteengesit in die Navorsingsetiekbeleid.

5.3 Lynbestuurders, met inbegrip van die betrokke uitvoerende dekane, adjunkdekane, direkteure en fasiliteitsbestuurders, is verantwoordelik vir die versekering van die bemagtiging en opleiding van werknemers, die bestuur en instandhouding van dierefasiliteite, behoorlike rampbestuursplanne, en bestuur van niekampus- en samewerkende navorsing waarby diere betrokke is.

5.4 Die dierefasiliteitsbestuurders soos bedoel in 5.3 en behandelende veeartse is verantwoordelik vir die bestuur en implementering van die betrokke Opdrag en Standaard Bedryfsprosedures met betrekking tot dierewelsyn sowel as die kommunikering van behoeftes en uitdagings aan lynbestuurders, en moet dieregebruik aan die toepaslike DNEK of DEK rapporteer.

5.5 DNEK's is aanspreeklik teenoor SKNE ingevolge die Opdrag vir Bestuur van Navorsingsetiek, en moet, indien geregistreer vir die doel, ook verslag doen aan die Nasionale Gesondheidsnavorsingsetiekraad (NGNER).

5.6 Daar word van DNEK's verwag om dierefasiliteite te inspekteer; hulle is ook verantwoordelik vir die hersiening, monitering, goedkeuring en post-goedkeuring van aktiewe en passiewe studies waarby diere betrokke is.

5.7 Die DEK is daarvoor verantwoordelik om toesig te hou oor die versorging en bestuur van wild geworde diere.

5.8 Ondersteuningsdienste

5.8.1 Die Beroepsgesondheid en -veiligheid departement is verantwoordelike vir relevante beroepsveiligheid van werknemers in die werkplek, insluitend biologiese veiligheid en sekuriteit.

5.8.2 Beskermingsdienste is verantwoordelik vir relevante sekuriteitsaangeleenthede in die werkplek.

5.8.3 Fisiese Infrastruktuur en Beplanning is verantwoordelik vir instandhouding van relevante infrastruktuur.

5.8.4 Korporatiewe Verhoudinge en Bemarking is verantwoordelik vir gesonde, deursigtige publieke betrokkenheid oor diersorg en -gebruik.

5.8.5 Inligtingstegnologie-steundienste en Elektriese en Elektroniese Dienste is daarvoor verantwoordelik om relevante elektroniese platforms te verskaf en te ondersteun.

5.8.6 Die Regskantoor is daarvoor verantwoordelik om behulpsaam te wees met regsaangeleenthede, ook met multi-institusionele samewerking waar memorandums van verstandhouding tussen die DNEK's van die onderskeie instansies vereis mag word vir toesig oor dierefasiliteite, studenteondersteuning en toesig oor dierewerk by 'n nie-NWU-dierefasiliteit.

5.9 Navorsers (insluitende nagraadse studente) is verantwoordelik vir verantwoordelike studie- en studentebestuur, sowel as voldoening aan die Gedragskode van die NWU wat op alle navorsers van toepassing is, voldoening van die SANS-10386 soos bedoel in 1.9 hierbo, en in die geval van gesondheids- en gesondheidsverwante navorsing, vir voldoening aan die DoH2015 soos bedoel in 1.8 hierbo.